

VERGOEDINGSVERSLAG

AGTERGRONDVERKLARING

Remgro se vergoedingsfilosofie word gelei deur sy sakestrategie, naamlik 'n langtermynbenadering om waarde op 'n volhoubare wyse te lewer.

Vanweë die aard van die besigheid maak die vergoedingsraamwerk, op 'n organisasiewyse grondslag, voorsiening vir 'n vaste vergoeding (d.w.s. salaris en byvoordele) en 'n langtermyn-aandeelplan, wat slegs waarde bied indien uitsonderlike prestasievoorwaardes (waar van toepassing) bereik word. As 'n beleggingshouermaatskappy, beskou die vergoedings-enominasiekomitee (die komitee) verhoogde markkapitalisasie, volgehoue groei in die aandeelprys en bogemiddelde dividendopbrengs as kritieke meetinstrumente om oor tyd waarde aan aandeelhouders te lewer. In ooreenstemming met hierdie benadering betaal Remgro nie korttermynaansporings (d.w.s. kontantbonusse) nie en glo dat bestuur se besluitneming op die lang termyn gefokus moet wees. Dit is in ooreenstemming met die filosofie dat hulle vergoed moet word waar waardeskepping bewese is, sonder oormatige risikoneming oor die kort termyn. Hierdie tweeledige benadering het tot gevolg dat Remgro se vergoedingsbeleid gefokus is en dat onnodige vlakke van kompleksiteit vermy word. Ons vergoedingsfilosofie en -beleid word in meer besonderhede in die tweede afdeling van hierdie verslag behandel.

KONTEKS EN KERNBESLUIE GENEEM

Remgro het 'n gediversifiseerde portefeulje beleggings, versprei oor verskeie industrieë, waaronder finansiële dienste, gesondheidsorg, verbruikersprodukte, nywerheid, infrastruktuur, asook media en sport. In die jaar onder oorsig het die maatskappy sy belegging in RMB Holdings Beperk (RMH) by wyse van 'n dividend *in specie* ontbondel (RMH-ontbondeling).

Die swak plaaslike makro-ekonomiese omgewing, gekenmerk deur lae ekonomiese groei, voortgesette hoë vlakke van werkloosheid en randwisselvalligheid, het gedurende die finansiële jaar voortgeduur. Volgehoue swak vertonings deur staatsondernemings, veral Eskom, en die gevolglike afgradering van ons ekonomie tot rommelstatus, het aansienlik tot swakker algehele handelstoestande bygedra.

Die belangrikste impak op die ekonomie, sowel as Remgro se aandeelprys in die rapporteringstydperk, was die uitbreek van Covid-19 in China en die gevolglike wêreldwye pandemie wat tot die aankondiging van 'n ramptoestand in Suid-Afrika gelei het. Plaaslike en globale ekonomieë het feitlik heeltemal tot stilstand gekom en die plaaslike inperkingsmaatreëls op die verskillende vlakke het die bedrywighede en verdienste van die meeste van Remgro se onderliggende beleggings, ernstig geraak.

Hoofsaaklik weens makro-ekonomiese omstandighede, buite bestuur se beheer, het die langtermynaansporingsplan (LTA) die laaste paar jaar geen of baie min waarde aan deelnemers gelewer. Weens die onlangse negatiewe impak van Covid-19 op die globale en plaaslike ekonomie, wisselkoers- en markonstabiliteit, asook die effek op die bedrywighede van spesifieke onderliggende beleggings (bv. die verbod op drankverkope en die aansienlike

vermindering in nie-Covid-19-verwante hospitalisasie), lyk dit onwaarskynlik dat enige van die huidige "aanboord"-LTA-toekenninge die waarde gaan lewer wat van hierdie planne verwag word.

Die komitee het gedurende die jaar wydlopende gesprekke gevoer oor die impak van die Covid-19-pandemie, die RMH-ontbondeling en makro-ekonomiese toestande op alle elemente van vergoeding en 'n opsomming van besluite en ander aksies en besprekings word hieronder verskaf:

TOTALE GEWAARBORGDE PAKKET (TGP)

Om die impak van Covid-19 op die vergoeding van werknemers te verminder, en in ooreenstemming met Remgro se filosofie ten opsigte van billike en verantwoordelike vergoeding, is die volgende stappe onder meer geneem:

- Die lede van die bestuursraad het vrywillig ingestem om hul TGP met 30% te verminder vir die maande April, Mei en Junie in solidariteit met die ernstige impak wat die aanvanklike inperking en die beperkings op vlak vyf op die ekonomie, onderliggende beleggings, klein besighede en die mense van Suid-Afrika oor die algemeen gehad het. Die maatskappy het besluit om hierdie besparing aan The South African SME Relief Trust (of die Sukuma-bystandsprogram) ter ondersteuning van klein- en mediumgroot-ondernemings te skenk.
- Geen salarisverhogings in die 2021-finansiële jaar is voorgestel en goedgekeur vir lede van die bestuursraad en bestuursvlakwerknemers nie. Nie-bestuurswerknemers ontvang lewenskosteverwante salarisaanpassings van tussen 4.5% en 5.0% vir die 2021-finansiële jaar.
- Die meeste werknemers kon gedurende die Covid-19-inperkingsvlakke by die huis werk en die maatskappy het voortgegaan om salarisse aan alle werknemers ten volle te betaal. Werknemers wat nie in staat was om produktiewe werk afstandsgewys te doen of hoegenaamd te werk nie, is gevra om opgehoopde jaarlikse verlof in hierdie tyd te neem.

LANGTERMYNAANSPORINGS(LTA)-PLANNE

- Evaluering van die doeltreffendheid van nie-gewaARBORGDE vergoeding

In die afwesigheid van enige korttermynaansporings(KTA)-reëlings en die beperkte doeltreffendheid van gewaARBORGDE vergoeding, is die LTA-planne kritiek vir die lok, motivering en behoud van werknemers regdeur die maatskappy, en nie net op bestuursvlak nie. Hierdie LTA-planne lewer tans nie waarde aan deelnemers nie en is dus as instrument minder doeltreffend om werknemers te motiveer en te behou en dit kan tot 'n verlies aan talent lei.

Bestuur, in konsultasie met 'n eksterne raadgewer, oorweeg tans 'n aantal alternatiewe ten einde hul verantwoordelikheid na te kom om te verseker dat werknemers betrokke en gemotiveer bly en die maatskappy kan voortgaan om die beste werknemers te lok en te behou.

- Aanbieding van LTA-toekennings

Remgro het in November 2019 'n omsigtigheids-aankondiging gemaak met betrekking tot die RMH-ontbondeling wat daartoe gelei het dat die maatskappy 'n omsigtigheidstydperk betree het. Die 2018-reëls van die Remgro Ekwietsvereffende Voorwaardelike Aandeleplan (CSP) en die Remgro Aandelegroei-regplan (SAR-plan) beskou geslote tydperke (wat omsigtigheidstydperke insluit) as 'n beperking wat die maatskappy verhinder om nuwe toekennings aan werknemers te maak. Die maatskappy was dus verhinder om die beplande jaarlikse toekennings in Desember 2019 te maak. Alhoewel die beperkings in April 2020 opgehef is, het die maatskappy besluit om die aanbieding van die 2019-toekennings verder uit te stel weens onsekerheid oor die impak van Covid-19 op onderliggende beleggings en Remgro as geheel.

Hierdie posisie is in Junie 2020 by die vergadering van die vergoedings-en-nominasiekomitee hersien en daar is besluit om die toekennings tot later in 2020 uit te stel.

FOOIE VAN NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE (NUD)

Met inagneming van die impak van Covid-19, die RMH-ontbondeling, asook die besluit om nie verhogings aan die bestuursraad en ander bestuurders toe te staan nie, het die komitee besluit om nie NUD-fooie vir die 2021-finansiële jaar te verhoog nie.

BEOORDELING VAN DIE IMPLIKASIES VAN DIE RMH-ONTBONDELING OP REMGRO SE AANDELEPLANNE

Die impak van die aanpassings tot Remgro se aandeleplanne word op bladsy 92 en 93 in die implementeringsverslag uiteengesit.

MALUS EN CLAWBACK-BELEID

Die komitee het begin met die bekendstelling van Malus en Clawback in Remgro se vergoedingstruktuur. Die komitee is in die proses om die formele Malus en Clawback-beleid te finaliseer vir implementering gedurende die 2021-finansiële jaar.

STEMRESULTATE EN AANDEELHOUERSDEELNAME

By die algemene jaarvergadering (AJV) wat op 28 November 2019 gehou is, het Remgro se vergoedingsbeleid 'n gunstige stem van 93.99% van gewone aandeelhouders ontvang, terwyl die vergoeding-implementeringsverslag 'n gunstige stem van 94.97% van gewone aandeelhouders gekry het.

Die komitee bly verbind tot voortgesette skakeling met aandeelhouders en verwelkom enige kommentaar wat hulle graag wil lewer.

Die komitee is van mening dat Remgro se vergoedingsbeleid gedurende die 2020-finansiële jaar sy gestelde doelwitte bereik het. By 2020 se AJV sal Remgro sy vergoedingsbeleid en vergoedingsimplementeringsverslag aan twee afsonderlike nie-bindende adviserende stemme deur aandeelhouders onderwerp (sien gewone besluite nommers 16 en 17 in die kennisgewing aan aandeelhouders op bladsy 151) en die komitee sien uit na 'n positiewe uitkoms in hierdie verband.

VERGOEDINGSBEGINSELS

Die vergoedingsbeleid is in ooreenstemming met die maatskappy se benadering om alle werknemers billik, verantwoordelik en mededingend te vergoed volgens hul vermoëns, vaardighede, verantwoordelikhede en vlak van prestasie.

Sleutelvergoedingsbeginsels vervat in die vergoedingsbeleid is:

- Die belyning daarvan met die algehele korporatiewe strategie, doelwitte en waardes van Remgro;
- Vergoedingsamestelling wat die belang van aandeelhouders ondersteun;
- Meganismes om te verseker dat bestuursvergoeding billik en verantwoordelik is teen die agtergrond van algehele maatskappyvergoeding;
- Vergoedingsamestelling wat die behoud en aantrekking van sleuteltalent, asook opvolgbeplanning ondersteun;
- Nakoming van beste praktyk vergoedingsbestuursstandaarde, insluitende heersende arbeidswetgewing;
- Erkenning en aanmoediging van uitsonderlike waarde-toegevoegde prestasie in ooreenstemming met 'n prestasiegebaseerde kultuur;
- Versekering dat vergoedingstrukture in ooreenstemming met die maatskappy se langtermyn doelwitte en besluitneming is; en
- Beskerming van die maatskappy se regte deur middel van standaard indiensnemingskontrakte.

TOEKOMSTIGE FOKUSGEBIEDE

Gedurende die 2021-finansiële jaar sal die komitee op die volgende toekomstige oorwegings fokus:

- Om die kort-, medium- en langtermynimpak van onlangse korporatiewe bedrywighede en die Covid-19-pandemie op vergoedingsbeginsels en -praktyke te hersien, asook die vermoë van die maatskappy om werknemers te lok, te behou en te motiveer.
- Om prestasiemetings en -doelwitte vir elk van die goedgekeurde LTA-skemas te hersien ten einde toepaslikheid vir toekomstige toekennings te verseker.
- Om die Malus en Clawback-beleid te finaliseer en te implementeer.

VERGOEDINGSBELEID

Die vergoedingsbeleid bied 'n oorsig van Remgro se vergoedingsbeginsels vir die organisasie as 'n geheel. Die inligting wat in hierdie beleid verskaf word, is op aanbeveling van die komitee deur die direksie goedgekeur. Hierdie vergoedingsbeleid sal aan 'n nie-bindende adviserende stem deur aandeelhouers by die volgende AJV op 30 November 2020 voorgelê word.

BESTUUR

Die komitee word deur die direksie aangestel, met gedelegeerde gesag, en die funksies van hierdie direksiekomitee is goed gevestig binne Remgro se bedryfsumgewing. In wese is die rol van die komitee om billike en verantwoordelike vergoeding regdeur die maatskappy te verseker, deur die daarstel en implementering van toepaslike beleide, en dat die openbaarmaking van vergoeding akkuraat, volledig en deursigtig geskied. Uiteindelike verantwoordelikheid berus by die direksie.

Die komitee word bestuur met 'n mandaat wat jaarliks deur die direksie hersien en goedgekeur word, en wat aanbevelings vir beste bestuurspraktyk insluit. Dit dien ook om lede van die komitee te help met die uitvoering van hul rol en verantwoordelikhede.

Die lede van die komitee vir die jaar onder oorsig was:

- Mnr J P Rupert (voorsitter);
- Mnr P K Harris (onafhanklike nie-uitvoerende direkteur);
- Mnr G T Ferreira (hoof onafhanklike nie-uitvoerende direkteur) – afgetree by die 28 November 2019 komiteevergadering;
- Mnr P J Moleketi (onafhanklike nie-uitvoerende direkteur) – aangestel op die komitee op 28 November 2019; en
- Mnr F Robertson (onafhanklike nie-uitvoerende direkteur).

Die direksie erken die aanbevole praktyk in King IV dat die voorsitter van die direksie nie die voorsitter van hierdie komitee behoort te wees nie, maar om die volgende redes word hierdie reëling as toepaslik beskou:

- Die noodsaaklikheid om die maatskappy se vergoedingsbenadering in ooreenstemming met die korporatiewe strategie te bring;
- Die voorsitter ontvang geen vergoeding of fooie van Remgro nie en dus is daar geen belangebotsing ten opsigte van die goedkeuring van fooie vir nie-uitvoerende direkteure nie;
- Die voorsitter is 'n beduidende aandeelhouer in die besigheid en daarom word dit nie as onbillik beskou dat hy as voorsitter van hierdie komitee dien nie; en

- Volgens die samestelling van die komitee is die meerderheid lede van die komitee onafhanklike nie-uitvoerende direkteure.

Die komitee het twee keer gedurende die jaar formeel vergader en vier verdere skakelings via rondomtaliesprekings en -besluitneming gehad. Besonderhede oor die bywoning van die formele vergaderings word in die korporatiewe bestuursverslag op bladsy 69 uiteengesit.

Die opdrag van die komitee, soos vervat in die mandaat, sluit die volgende in:

Ten opsigte van die nominasiefunksie –

- Help die direksie met die proses om geskikte kandidate te vind om as direkteure aan te stel;
- Verseker die daarstelling van 'n formele en deursigtige proses vir die aanstel van direkteure;
- Hou toesig oor die ontwikkeling van 'n formele induksieprogram vir nuwe direkteure;
- Evalueer die prestasie van die direksie; en
- Verseker dat formele opvolgplanne vir die direksie, hoofuitvoerende beamppte (HUB) en ander bestuursraadslede ontwikkel en geïmplementeer word.

Ten opsigte van die vergoedingsfunksie –

- Hou toesig oor die daarstelling van 'n organisasiewyse vergoedingsbeleid wat positiewe uitkomst bevorder binne die ekonomiese, maatskaplike en omgewingsverband waarin Remgro sy sake bedryf;
- Bevorder 'n etiese kultuur en verantwoordelike korporatiewe burgerskap binne die vergoedingsverband;
- Hou toesig oor die billike, verantwoordelike en deursigtige daarstelling en administrasie van vergoeding van alle werknemers;
- Adviseer oor die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure, vir goedkeuring deur die aandeelhouers by die AJV;
- Verseker dat vergoeding voldoen aan Remgro se behoeftes en strategiese doelwitte en in ooreenstemming met die aandeelhouers se goedgekeurde plan en reëls geadminestrer word;
- Hou toesig oor die voorbereiding, en aanbeveling aan die direksie, van die vergoedingsverslag wat in die geïntegreerde jaarverslag ingesluit moet word; en
- Verseker dat die vergoedingsbeleid en vergoedings-implementeringsverslag vir twee afsonderlike nie-bindende adviserende stemme deur aandeelhouers by die AJV voorgelê word.

Die komitee is tevrede dat dit sy verantwoordelikhede vir die jaar in ooreenstemming met sy mandaat nagekom het.

Gedurende die 2020-finansiële jaar het die komitee met die eksterne vergoedingskonsultant, PricewaterhouseCoopers Geïnk. (PwC), sowel as bestuur en die direksie, geskakel in die uitvoering van sy pligte en verantwoordelikhede.

Die komitee het die advies, menings en dienste wat van PwC ontvang is in die 2020-finansiële jaar oorweeg. Die komitee is tevrede daarmee en beskou PwC as volkome objektief en onafhanklik.



KOMPONENTE VAN VERGOEDING

Remgro het twee komponente van vergoeding, naamlik vaste vergoeding (wat byvoordele insluit) en LTA in die vorm van die ou Remgro Ekweitsvereffende Aandegroeiereg-skema (SAR-skema), SAR-plan en die CSP. Remgro betaal nie korttermynaansporings nie en glo dat bestuur se besluitneming op die lang termyn moet fokus, in ooreenstemming met die filosofie dat hulle vergoed moet word waar langtermyn waarde wat geskep word, bewese is, sonder oormatige risikoneming oor die kort termyn.

Dieselfde vergoedingsbeginsels en -komponente is van toepassing op alle werknemers van Remgro. Die vergoedingsbeleide, -beginsels en -praktyke van Remgro se onderliggende beleggings, word deur vergoedingskomiteestrukture in daardie organisasies bestuur.

Die besonderhede van die komponente word hieronder uiteengesit:

VASTE VERGOEDING

DOEL

Om mededingende vaste vergoeding te verskaf wat toepaslike talent sal aantrek en behou. Dit weerspieël 'n individu se verantwoordelikhede, ervaring en rol.

WAT BEHELS DIT?

Hierdie element, waarna verwys word as die TGP, bestaan uit komponente soos kontantsalaris, reistoelae en die maatskappy se bydrae tot aftreebefondsing en die mediese skema. Alle gewaarborgde byvoordele word befonds uit die TGP.

Aftreebefondsingsbydraes wissel tussen 18.5% en 27.5% van pensioendraende vergoeding en sleutelaspekte van die aftreefonds is die volgende:

- Aftreebesparingskomponent, met beleggingsopsies vir die lid en 'n trustee-verstek opsie;
- Versekerde, buigsame sterfte-, ongeskiktheids- en begrafnisvoordele; en
- Bewaringsopsies wanneer die fonds verlaat word.

Lidmaatskap van 'n mediese skema is verpligtend vir alle werknemers en bydraes word uit hul TGP betaal. Alle werknemers kom in aanmerking vir lidmaatskap van die interne mediese skema, Remedi, wat drie verskillende opsies bied waaruit lede jaarliks kan kies. Hierdie opsies poeg om die uiteenlopende gesondheidsbehoefte en bekostigbaarheid van lidmaatskap van die fonds te akkommodeer.

Onder spesifieke omstandighede bied Remgro ook aan werknemers na-aftrede mediese voordele. Volledige besonderhede hieroor verskyn in die finansiële jaarstate wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is.

Slegs werknemers van wie vereis word om gereeld te reis vir sakedoeleindes, ontvang reistoelae, wat uit hul TGP befonds word.



HOE WORD DIE TGP OPGEWEEG?

Gewaarborgde pakkette word aan die boonste kwartiel van die mark vir vergelykende maatskappye gemeet, soos deur onafhanklike salaris-opnames bepaal.

Remgro maak tans gebruik van die Mercer-topbestuursopname vir lede van die bestuursraad en senior bestuur. Vir die res van die organisasie word die PwC-REMchannel nasionale opname gebruik.

Die dienste van 'n onafhanklike vergoedingskonsultant word vir dié doel gekontrakteer. Die TGP word so vasgestel dat dit mededingend in die mark is om te verseker dat die regte talent aangetrek en behou word. Dit ondersteun ook die vergoedingsbenadering van geen korttermyn kontantbonusse nie en ontmoedig oormatige risikoneming aangevuur deur aantreklike kontantbonusse.

JAARLIKSE HERSIENINGSPROSES

Die komitee hersien jaarliks die TGP vir bestuur en keur die persentasie styging vir werknemers onder bestuursvlak goed.

Aanpassings aan die TGP hang van die werknemer se verantwoordelikhedsvlak en sy/haar algehele prestasie af.

Die HUB, wat alle komiteevergaderings op uitnodiging bywoon, mag by sulke hersieningsvergaderings verhogings in die TGP, met uitsondering van sy eie, voorstel.

VERANDERLIKE VERGOEDING

AANDELEGROEIREG-PLAN

VOORWAARDELIKE AANDELEPLAN

DOEL

Verseker belyning tussen persoonlike welvaartskepping en korporatiewe strategie en ondersteun langtermyn-werknemer-behoud.

HOE WERK DIT?

Dit is 'n ekwiteitsvereffende plan waardeur regte om aandele te ontvang gelyk aan die langtermyn groei in Remgro se aandeelprys, en die markkapitalisasie van die maatskappy, aan gekose werknemers toegeken word. Die regte word gratis toegeken. Die uiteindelijke vestiging van aandele sal aan die voorgenome prestasievoorwaardes vir gekose deelnemers, asook 'n indiens voorwaarde, onderhewig wees.

Deelnemers sal slegs 'n aandeelhouer in Remgro word, met aandeelhouerregte, insluitende dividend- en stemreg, op die vereffeningsdatum.

Dit is 'n ekwiteitsvereffende plan ingevolge waarvan aan alle werknemers 'n voorwaardelike toekenning van Remgro-aandele op 'n toekomstige datum gemaak mag word. Die aandele word gratis toegeken. Die uiteindelijke vestiging van aandele sal aan die voorgenome prestasievoorwaardes vir gekose deelnemers, asook 'n indiens voorwaarde, onderhewig wees.

Deelnemers sal slegs 'n aandeelhouer in Remgro word, met aandeelhouerregte, insluitende dividend- en stemreg, op die vereffeningsdatum, wat kort na die vestigingsdatum is.

WIE KWALIFISEER VIR DEELNAME?

Alle heeltidse werknemers van die maatskappy mag aan die SAR-plan deelneem, hoewel dit na verwagting slegs vir uitvoerende direkteure en werknemers op senior bestuursvlak gebruik sal word. Alle heeltidse werknemers het voorheen aan die SAR-skema deelgeneem.

Alle heeltidse werknemers van die maatskappy mag aan die CSP deelneem.

BEPALING VAN WAARDE/TOEKENNING

Die komitee maak jaarlikse toekennings ingevolge die SAR-plan en die CSP aan deelnemers, gegrond op 'n veelvoud van TGP. Die vasgestelde jaarlikse veelvoude word bepaal met inagneming van die deelnemer se posgraad, rol, die behoefte om sleutel talent aan te trek en/of te behou en die waarde wat die deelnemer vir Remgro en aandeelhouers toevoeg.

In die jaar onder oorsig is die volgende sigwaarde-toekenningsveelvoude deur die komitee goedgekeur:

- HUB: 3.00 x TGP
- Uitvoerende direkteure en voorgeskrewe beamptes: 2.25 x TGP
- Ander werknemers: verskillende veelvoude gegrond op die deelnemer se posgraad, rol en prestasievoorwaardes (indien toepaslik). Hierdie veelvoude wissel tussen 10% en 85% van TGP

Vir uitvoerende direkteure, ander lede van die bestuursraad (voorgeskrewe beamptes) en geïdentifiseerde uitvoerende beleggingsbestuurders word hierdie veelvoude eweredig verdeel tussen SAR-plan-toekennings en CSP-toekennings (d.w.s. 50% SAR en 50% CSP). Hierdie toekennings is onderhewig aan gestrekte finansiële prestasievoorwaardes van die maatskappy, sowel as individuele, finansiële en ESG-prestasievoorwaardes.

Vir ander deelnemers is 100% van die toekenning onder die CSP. Hierdie toekennings is alleenlik onderhewig aan behoudvoorwaardes.

Hierdie veelvoude val binne huidige markverwante verwysings.

Daarbenewens maak die reëls van die CSP voorsiening vir *ad hoc*-toekennings aan deelnemers in uitsonderlike omstandighede, soos deur die komitee bepaal.

Verwys na die vergoedingsimplementeringsverslag op bladsy 92 vir vorige SARs en CSPs toegeken.

DIVIDENDEKWIVALENTE

Nie van toepassing nie.

Deelnemers sal geregtig wees om dividendekwivalente op gevestigde aandele oor die vestigingstydperk van die toekenning te ontvang. Die dividendekwivalent sal opgehoop en as bykomende aandele op die vestigingsdatum gelewer word.

VERANDERLIKE VERGOEDING

AANDELEGROEIREG-PLAN

VESTIGING EN UITOEFENING/VEREFFENING

Deelnemers aan die SAR-plan word vergoed met Remgro-aandele ter waarde van die groei van hulle regte op 'n spesifieke aantal Remgro gewone aandele.

Die vroegste intervalle waarbinne die SARs vestig en uitgeoefen kan word, is soos volg:

- Een-derde drie jaar na die toekenningsdatum;
- 'n Addisionele derde vier jaar na die toekenningsdatum; en
- Die oorblywende gedeelte vyf jaar na die toekenningsdatum.

Alle SARs moet binne sewe jaar na die toekenningsdatum uitgeoefen word waarna onuitgeoefende SARs verval.

Vestiging is onderhewig aan voltooiing van die diensydperk en bereik van prestasievoorwaardes (waar toepaslik).

VOORWAARDELIKE AANDELEPLAN

Toekennings ingevolge CSP sal soos volg vestig:

- Een-derde drie jaar na die toekenningsdatum;
- 'n Addisionele derde vier jaar na die toekenningsdatum; en
- Die oorblywende gedeelte vyf jaar na die toekenningsdatum.

Vestiging is onderhewig aan voltooiing van die diensydperk en bereik van prestasievoorwaardes (waar toepaslik).

PRESTASIEVOORWAARDES

Die SAR-plan het 'n inherente prestasiemaatstaf waarvolgens deelnemers slegs by die aandele-aansporingskema sal baatvind indien daar langtermyn-aandeelprysgroei, en dus waardeskepping vir Remgro se aandeelhouders, is. Na terugvoer deur aandeelhouders, sal toekennings wat na 30 Junie 2019 gemaak is aan die volgende bykomende voorgenome finansiële prestasievoorwaardes onderhewig wees:

- Die vestiging van 50% van sulke toekennings sal afhang van die groei in die intrinsieke netto batewaarde (INBW) wat 'n voorafbepaalde "reële groei"-maatstaf oortref. Vir 100%-vestiging sal groei in INBW die waarde, bereken as Suid-Afrika se verbruikersprysindeks (VPI)-inflasiëkoers, plus die groeikoers van Suid-Afrika se bruto binnelandse produk (BBP), plus 'n bykomende 1.25%, soos gemeet oor drie finansiële jare, moet ewenaar of oortref. Vir 30%-vestiging sal die groei in INBW die waarde bereken as VPI-inflasiëkoers moet ewenaar of oortref. Vir prestasie tussen hierdie punte sal liniêre vestiging toegepas word; en
- Die vestiging van 50% van sulke toekennings sal afhang van die groei in vrye kontantvloei by die kern wat 'n voorafbepaalde "reële groei"-maatstaf oortref. Vir 100%-vestiging sal die groei in vrye kontantvloei by die kern die waarde bereken as VPI-inflasiëkoers plus 'n bykomende 1.25%, soos gemeet oor drie finansiële jare, moet ewenaar of oortref. Vir 30%-vestiging sal die groei in vrye kontantvloei by die kern die waarde bereken as VPI-inflasiëkoers moet ewenaar of oortref. Vir prestasie tussen hierdie punte sal liniêre vestiging toegepas word.

Daarbenewens kan die vestiging van die toekennings gewysig word tot die mate wat die deelnemer voldoen aan persoonlike en die groep se nie-finansiële prestasievoorwaardes. Let daarop dat verwesenliking van die nie-finansiële prestasievoorwaardes slegs die resultaat van die finansiële prestasievoorwaardes kan verminder. Toekennings sal net vestig as die deelnemer in diens van die Remgro-groep bly.

Hierdie prestasievoorwaardes sal van toepassing wees op uitvoerende direkteure en ander lede van die bestuursraad (voorgeskrewe beamptes).

Die CSP sal aan die volgende voorgenome prestasievoorwaardes onderhewig wees:

- Die vestiging van 50% van sulke toekennings sal afhang van die groei in die INBW wat 'n voorafbepaalde "reële groei"-maatstaf oortref. Vir 100%-vestiging sal groei in INBW die waarde, bereken as Suid-Afrika se VPI-inflasiëkoers, plus die groeikoers van Suid-Afrika se BBP, plus 'n bykomende 1.25%, soos gemeet oor drie finansiële jare, moet ewenaar of oortref. Vir 30%-vestiging sal die groei in INBW die waarde bereken as VPI-inflasiëkoers moet ewenaar of oortref. Vir prestasie tussen hierdie punte sal liniêre vestiging toegepas word; en
- Die vestiging van 50% van sulke toekennings sal afhang van die groei in vrye kontantvloei by die kern wat 'n voorafbepaalde "reële groei"-maatstaf oortref. Vir 100%-vestiging sal die groei in vrye kontantvloei by die kern die waarde bereken as VPI-inflasiëkoers plus 'n bykomende 1.25%, soos gemeet oor drie finansiële jare, moet ewenaar of oortref. Vir 30%-vestiging sal die groei in vrye kontantvloei by die kern die waarde bereken as VPI-inflasiëkoers moet ewenaar of oortref. Vir prestasie tussen hierdie punte sal liniêre vestiging toegepas word.

Daarbenewens kan die vestiging van die toekennings gewysig word tot die mate wat die deelnemer voldoen aan persoonlike en die groep se nie-finansiële prestasievoorwaardes. Let daarop dat verwesenliking van die nie-finansiële prestasievoorwaardes slegs die resultaat van die finansiële prestasievoorwaardes kan verminder. Toekennings sal net vestig as die deelnemer in diens van die Remgro-groep bly.

Hierdie prestasievoorwaardes sal van toepassing wees op uitvoerende direkteure, ander lede van die bestuursraad (voorgeskrewe beamptes) en geïdentifiseerde uitvoerende beleggingsbestuurders.

Aan alle ander deelnemers sal retensie-toekennings gemaak word en hulle sal teen vestiging in diens van die Remgro-groep moet wees.

VERANDERLIKE VERGOEDING

AANDELEGROEIREG-PLAN

VOORWAARDELIKE AANDELEPLAN

VROEË BEËINDIGING VAN DIENS

Deelnemers mag as "swak verlaters" of "goeie verlaters" geklassifiseer word en die volgende is van toepassing:

- *Swak verlaters*

Deelnemers sal alle ongevestigde toekennings verbeur.

- *Goeie verlaters*

'n *Pro rata*-gedeelte van die deelnemer se ongevestigde toekenning(s) sal vroeg vestig op die datum van diensbeëindiging in die mate wat die komitee bepaal dat die prestasievoorwaardes (indien enige) nagekom is. Die gedeelte van die aandele wat vestig, sal 'n weerspieëling wees van die aantal voltooidde diensmaande vanaf die toekenningsdatum tot die datum van diensbeëindiging, gedeel deur die totale aantal maande van die vestigingstermyn.

VERANDERING VAN BEHEER

In die geval van 'n verandering in die beheer van die maatskappy voor die vestigingsdatum van enige toekenning, sal 'n gedeelte van die toekenning wat deur 'n deelnemer gehou word daarna, sodra dit redelikerwys prakties is, vestig. Die gedeelte van die toekenning wat vestig, sal bepaal word op grond van die aantal diensmaande vanaf die toekenningsdatum tot die datum van beheerverandering, gedeel deur die totale aantal maande van die vestigingstermyn, asook die mate waarin prestasievoorwaarde(s), indien van toepassing, nagekom is. Enige toekennings wat nie vestig nie sal, onderhewig aan die diskresie van die komitee, steeds aan die voorwaardes van die betrokke toekenningsbrief onderhewig wees.

VERANDERING IN AANDELEKAPITAAL

Deelnemers sal voortgaan om aan die SAR-plan en die CSP deel te neem in die geval waar daar 'n verandering in die maatskappy se aandeelkapitaal is. Die komitee mag sodanige veranderings aan die toekenning maak, of sodanige ander stappe doen, om te verseker dat deelnemers nie in 'n swakker posisie is as wat hulle sou gewees het voor die gebeure nie, en dat die billike waarde van die toekenning na die gebeure wesenlik dieselfde is as die billike waarde daarvan voor die gebeure.

VERWATERINGSPERKE

Individuele grondslag

Geen toekenning sal aan 'n enkele deelnemer gemaak word indien, ten tye van, of as gevolg van sodanige toekenning, die totale aantal Remgro gewone aandele ten opsigte waarvan enige onuitgeoefende SAR-plan-toekennings of CSP-toekennings, aan die deelnemer gemaak, 5 290 000 Remgro gewone aandele, nagenoeg 1% van die uitgereikte gewone aandele, sal oorskry nie.

Algehele grondslag

Net so sal geen toekenning gemaak word indien, ten tye van sodanige toekenning, of as gevolg daarvan, die totale aantal Remgro gewone aandele ten opsigte waarvan onuitgeoefende SAR-plan-toekennings uitgeoefen mag word, of CSP-toekennings, 26 450 000 Remgro gewone aandele, nagenoeg 5% van uitgereikte gewone aandele, sal oorskry nie.

NAKOMINGOORWEGINGS

Indien dit aanvaar word dat alle deelnemers aan die SAR-plan al hul opsies uitoefen wat op 1 Julie 2020 aan hulle toegeken is, sal Remgro nul aandele moet lewer om sy verpligtinge na te kom. Hierdie berekening is gebaseer op Remgro se sluitingsaandeelprys op 30 Junie 2020 van R99.90. 'n 10%-toename of -afname in die Remgro-aandeelprys sal vereis dat die aantal aandele wat gelewer moet word nul aandele en nul aandele onderskeidelik sal wees.

As veronderstel word dat alle toekennings wat ingevolge die CSP gemaak is, ten volle vestig op 1 Julie 2020, sal Remgro 476 142 aandele moet lewer om sy verpligtinge na te kom.


Op 30 Junie 2020 het Remgro genoeg tesourie-aandele gehou om sy verpligting na te kom om aandele aan LTA-deelnemers te lewer.

SCENARIO'S VAN MOONTLIKE TOTALE VERGOEDINGSUITKOMSTE


Die volgende illustrasies beeld die betalingsamestelling en moontlike vergoedingsuitkomste vir die HUB, hoof finansiële beamppte en die voorgeskrewe beamppte gemiddeld teen minimum-, op standaard- en uitstaande vlakke uit.

ELEMENT	MINIMUM	OP STANDAARD	UITSTAANDE
TGP	TGP soos op 30 Junie 2021, sien bladsy 93. Byvoordele veronderstel in ooreenstemming met dit wat betaal is in die 2020-finansiële jaar.		
LTA	Nul	Die maksimum aantal instrumente toegeken in die 2019-finansiële jaar wat mag vestig, vermenigvuldig met die billike waarde by toekenning oor die toekenningsperiode, vermenigvuldig met die "op standaard"-vestigingsverwagting van 60%.	Die maksimum aantal instrumente toegeken in die 2019-finansiële jaar wat mag vestig, vermenigvuldig met die aandeelwaarde gegrond op 'n 100%-toename in die billike waarde by toekenning oor die toekenningstydperk vir SARs en die toekenningsprys vir CSPs.


HOOFUITVOERENDE BEAMPTE



HOOF FINANSIËLE BEAMPTE



VOORGESKREWE BEAMPTE GEMIDDELD



BILLIKE EN VERANTWOORDELIKE VERGOEDING REGDEUR DIE MAATSKAPPY

Remgro is verbind tot die beginsel van billike en verantwoordelike vergoeding vir die hele maatskappy. Optrede in hierdie verband sluit in:

- Beoordeling van vergoedingspraktyke tussen werknemers op dieselfde vlak in ooreenstemming met die beginsel van "gelyke betaling vir werk van gelyke waarde" om enige onregverdigde vergoedingsverskille te identifiseer en aandag daaraan te gee.
- Belegging in personeel-inisiatiewe, wat insluit: talent-bestuur; vaardigheidsontwikkeling vir alle werknemers; verskeie opleidingskursusse volgens geïdentifiseerde behoeftes en 'n werplekkultuur in ooreenstemming met die korporatiewe waardes en kultuur.

UITVOERENDE INDIENSNEMINGSKONTRAKTE

Uitvoerende direkteure en lede van die bestuursraad het nie vaste termynkontrakte nie, maar word in diens geneem volgens die maatskappy se standaard indiensnemingskontrak wat vir alle werknemers geld. Die kennistydperk vir diensbeëindiging

is een kalendermaand en die normale aftree-ouderdom is 63 jaar. Uitvoerende direkteure en lede van die bestuursraad ontvang geen buitengewone byvoordele wat verband hou met die beëindiging van hul diens nie. By diensbeëindiging sal enige betaling aan werknemers geskied soos volgens wetgewing vereis word, en die gevolge ten opsigte van ongevestigde en onuitgeoefende SARs en onuitgeoefende SARs en/of ongevestigde CSP-toekennings sal, op grond van die redes vir diensbeëindiging, volgens die reëls van die SAR-plan (of vorige SAR-skema) en die CSP gehanteer word.

NIE-UITVOERENDE DIREKTEURSVERGOEDING ONAFHANKLIKE NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

Onafhanklike nie-uitvoerende direkteure het nie werknemerkontrakte nie, ontvang nie enige byvoordele wat verband hou met permanente indiensneming nie en neem ook nie deel aan die maatskappy se LTA-planne nie.

Daarby word hulle gekategoriseer as onafhanklik op grond daarvan dat die direksie van mening is dat hulle geen belang, posisie, assosiasie of verwantskap het wat, geoordeel uit die

oogpunt van 'n billike, ingeligte derde party, moontlik tot onbehoorlike beïnvloeding, of partydige besluitneming, in die beste belang van die maatskappy nie.

Die onafhanklikheid van onafhanklike nie-uitvoerende direkteure word jaarliks hersien en die onafhanklikheid van nie-uitvoerende direkteure wat vir meer as nege jaar in die direksie dien, word aan 'n baie streng oorsig onderwerp. Die direksie is tevrede met die onafhanklikheid van onafhanklike nie-uitvoerende direkteure, insluitende die onafhanklikheid van mnre F Robertson, P K Harris en M Morobe, wat onderskeidelik reeds vir 19, 18 en 13 jaar in die direksie dien. Gegrond op die evaluering is daar geen getuienis, of enige omstandighede en/of verwantskap wat hul oordeel sal benadeel nie en hulle onafhanklikheid word op geen manier deur die duur van hul diens beïnvloed nie.

Onafhanklike nie-uitvoerende direkteure word 'n vaste jaarlikse direksiefooi betaal. Komiteefoosie word ook op 'n vaste jaarlikse grondslag bepaal. Die fooistruktuur word jaarliks op 1 Julie hersien, gegrond op onafhanklike marknorme vir die direksiefoosie van nie-uitvoerende direkteure, en met inagneming van die aard en omvang van Remgro se bedrywighede. Remgro gebruik die Mercer-topbestuursopname as maatstaf vir die vasstelling van nie-uitvoerende direkteure se foosie. Die tendense wat uit hierdie opname blyk, word deur 'n gefokusde, sekondêre opname onder 'n gekose groep maatskappye bevestig. Nie-uitvoerende direkteursfoosie word by wyse van 'n spesiale

besluit, voor betaling, deur aandeelhouders by die maatskappy se AJV goedgekeur. Remgro betaal ook binne perke alle reis- en verblyftekoste wat behoorlik aangegaan is om vergaderings by te woon.

Die jaarlikse foosie betaalbaar aan onafhanklike nie-uitvoerende direkteure vir die tydperk wat op 1 Julie 2019 begin het, is deur die aandeelhouders by die AJV van 28 November 2019 goedgekeur.

NIE-ONAFHANKLIKE NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

Mnre J P Rupert, A E Rupert, P J Neethling en J Malherbe word as nie-onafhanklike nie-uitvoerende direkteure beskou.

Die voorsitter, mnre A E Rupert en P J Neethling ontvang geen vergoeding van Remgro nie, terwyl mnre J Malherbe die goedgekeurde jaarlikse direkteurs- en komiteefoosie ontvang wat aan onafhanklike nie-uitvoerende direkteure betaal word.

Soos in die geval van onafhanklike nie-uitvoerende direkteure neem hierdie direkteure nie aan die maatskappy se LTA-planne deel nie.

Besonderhede van die fooistruktuur betaalbaar aan nie-uitvoerende direkteure wat voorgestel is vir die jaar eindigende 30 Junie 2021 word in die tabel hieronder uiteengesit. Sien ook die Spesiale Besluit Nummer 1 in die kennisgewing aan aandeelhouders op bladsy 151.

Tipe foosie (Rand)	Huidige foosie vir die jaar geëindig 30 Junie 2020	Voorgestelde foosie vir die jaar eindigende 30 Junie 2021	% Verandering
Raadslid	R390 000	R390 000	0
Voorsitter van die oudit-en-risikokomitee	R297 000	R297 000	0
Lid van die oudit-en-risikokomitee	R147 500	R147 500	0
Lid van die vergoedings-en-nominasiekomitee	R65 500	R65 500	0
Voorsitter van die maatskaplike-en-etiesekomitee	R120 000	R120 000	0
Lid van die maatskaplike-en-etiesekomitee	R65 500	R65 500	0
Vergaderingsfoosie vir <i>ad hoc</i> -komitees (d.w.s. beleggings- en tesouriekomitee)	R25 000	R25 000	0

Foosie is BTW uitgesluit.

AANDEELHOERSDEELNAME EN NIE-BINDENDE STEMMING

